

8 Februarie Jesaja 38:1-22, (Teks: 38:12b; Ps 139:13,15)

God se weefstuk

Dit is 'n heerlike belydenis wat Psalm 139 se digter uitsing: Ek is van voor my geboorte af al die ewige God se weefstuk (vers 13) of syborduurself (vers 15). Soos 'n wever voor sy weefstoel het God my lewe daar in die verborgene van my moeder se skoot aanmekaargeweef. Sorgvuldig het Hy die skeringdraadjies en die inslagdraadjies van my lewe oor die weefstoel of wewersbalk gespan. Soos met 'n wewerspoel het Hy verskillende kleure draad tot die besondere patroon van my lewe ineengevleg. Dink met verwondering en dankbaarheid aan hierdie wonderwerk wat jyself is.

Die troosvolle is dat die Almagtige Wever nie met my geboorte opgehou weef het aan my nie. In die lied wat Hiskia sing na die weldaad van lewensverlenging wat Hy van God ontvang het, vergelyk hy sy héle lewe met 'n weefstuk. Wat is die dood dan anders as die afbreek van die weefdraad en die voltooiing van God se weefwerk aan jou en my lewe hier. Dit is sy tyd van klaarmaak. Sy weefstuk is dan soos Hy dit wil hê.

God is ook vandag besig om aan jou lewe te weef. Watter patrone weef Hy daarin? Watter kleur laat Hy daarin uitstaan en watter kleure word minder beklemtoon? Ek en jy weet dit nie. Ons sien nog deur 'n spieël in 'n raaisel. Een ding kan ons egter weet verseker: Hy maak van ons elkeen in Christus 'n kunswerk; sy maaksel of sy gedig (Ef. 2:10 - waar die woord "*poiema*" gebruik word; dink aan die Engelse woord "*poem*").

Wanneer God op sy tyd die weefdraad afbreek en ek sterf, dan weet ek Hy neem hierdie weefstuk wat ek is in en deur Christus na sy ewige Vaderhuis - om Hom vir ewig te loof.

Sing: Psalm 139:7

Dr. P.P. Kruger (Meyerspark)